# Welkom by
# NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

## Liefde dryf God se plan t.m.v onreg.

(Markus 15:1-15)

# Votum

[redacted]

# Seëngroet

[redacted]

# Lied 164: 1

Ons is almal hier tesaam,

vergader in sy Naam,

verheerlik Hom.

Tot die dood was Hy getrou

en daardeur is ons nou sy eiendom.

# Lied 164:1 (vervolg)

Kom ons leef soos wat Hy vra

en leer om te verdra

en liefde na te streef.

Loof Hom, Christus, die Heer.

# Lied 164:2

Ons is almal hier tesaam,

verenig in sy Naam, verheerlik Hom.

Met ons hart en mond en hand,

ons kragte en verstand

kom loof ons Hom.

# Lied 164:2 (vervolg)

Hou ons lewend deur u Gees,

laat ons u kinders wees

en U bo alles eer.

Jesus Christus, die Heer.



# Markus 15:1-15

Voorspelling van verraad

Paasmaal - Instelling van nagmaal

Voorspelling van verloëning

Voorspelling van **verloëning** – 26-31

Getsemane – 32-42

Gevangeneming – 43-52 – Verraad

Verlaat

Verhoor voor hoëpriester
en die Joodse raad – 53-65

Petrus **verloën** Jesus – 66-72



# Markus 15:1-15

1. Die môre vroeg het die **priesterhoofde** saam met die **familiehoofde** en die **skrifgeleerdes** dadelik as **volle Joodse Raad** 'n vergadering gehou. Hulle het Jesus geboei en Hom toe weggebring en aan Pilatus **uitgelewer.** 2. Pilatus het vir Hom gevra: "**Is jy die koning van die Jode?**" Jesus antwoord hom: ***"Dit is soos u sê (U sê dit)."*** 3. Die **priesterhoofde** het Hom van baie dinge beskuldig. 4. Pilatus het Hom toe verder ondervra. "**Verweer jy jou glad nie?**" het hy gevra. "**Kyk waarvan beskuldig hulle jou alles.**" 5. Jesus het egter niks meer gesê nie, sodat Pilatus *verbaas* was.

6. Elke paasfees het Pilatus vir die mense een gevangene, die een wat hulle gevra het, losgelaat. 7. Daar was 'n man met die naam Barabbas in die tronk saam met ander opstandelinge. Hulle het tydens die opstand moord gepleeg. 8. Daar het toe juis 'n klomp mense gekom en Pilatus gevra om vir hulle te doen wat hulle van hom gewoond was. 9. Pilatus vra hulle toe: **"Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir julle loslaat?"** 10. ***Hy het geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het.*** 11. **Hulle** het die mense egter opgesteek om te vra dat hy liewer Barabbas vir hulle moet loslaat. 12. Pilatus het weer vir hulle gevra: **"Wat wil julle dan hê moet ek met hom maak wat julle die koning van die Jode noem?"**

13. “Kruisig hom!” skreeu hulle. 14. **“Waarom? Wat se kwaad het hy gedoen?”** vra Pilatus hulle. Maar hulle skreeu nog harder: “Kruisig hom!” 15. Omdat Pilatus die mense hulle sin wou gee, het hy Barabbas toe vir hulle losgelaat en Jesus laat gesel en Hom **oorgelewer** om gekruisig te word.



# Sonder om ‘n oog te knip

*“Weet jy nie dat jy voor jou iemand sien wat jou sonder om ‘n oog te knip met ‘n swaard kan deurboor nie?”*

*“Weet jy nie dat jy iemand voor jou sien wat deurboor kan word sonder om ‘n oog te knip nie?”*


1st-art-gallery.com

# In ons teks...

Uitlewer (1) – aan Pilatus

Vers 1 – 5: Verhoor voor Pilatus

Vers 6 – 15: Verhoor neem wending

Uitlewer (15) – om gekruisig te word


Hoekom word Jesus
na Pilatus toe gevat
1st-art-gallery.com

# Godslastering verander na hoogverraad

## Hoekom verander die inhoud van die klag voor Pilatus


1st-art-gallery.com

# Opvallende ooreenkoms en verskil

## Verhoor voor Pilatus

- **Pilatus vra vir Jesus** na sy identiteit.... *"Is jy die koning van die Jode?"* Jesus se antwoord ***"U sê dit"* -** skep onsekerheid. Priesterhoofde kla Hom aan van baie dinge
- **Pilatus vra vir Jesus** hoekom Hy hom nie verweer nie?

**Jesus sê niks (swyg)**

## Verhoor neem wending

- **Pilatus vra die mense** of hulle die koning van die Jode wil laat loslaat... **Hulle antwoord nie**
- **Pilatus vra weer** wat hulle dan wil hê hy met die koning van die Jode maak? **Die mense skreeu: Kruisig Hom! (X2)**



# In verhoor is dit duidelik:

Daar is geen skuldigbevinding nie - sy onskuld word eerder uitgewys

Tog word Jesus oorgelewer om gekruisig te word




KONTRAS

# Opvallende ooreenkoms en verskil

## Verhoor voor Pilatus

- **Pilatus vra vir Jesus** na sy identiteit…. **Jesus se antwoord *"U sê dit"* skep onsekerheid**.

- **Pilatus vra verder vir Jesus** hoekom Hy hom nie verweer nie? **Jesus sê niks (swyg)**

## Verhoor neem wending

- **Pilatus vra die mense** of hulle die koning van die Jode wil laat loslaat… **Hulle antwoord nie**

- **Pilatus vra weer** wat hulle dan wil hê hy met die koning van die Jode maak? **Die mense skreeu: Kruisig Hom!**



Sleutel van die
dieper verstaan
lê in Jesus se stilbly
teenoor die geskreeu
van die skare
en priesterhoofde



# Twee kategorië op die tafel wat teenoor mekaar staan



Mag werk altyd met: dwang, beheer, vrees, invloed en regte.

Wêreldse sisteem van mag en Koninkryk sisteem van liefde



# Jesus lê sy mag af…

Jesus het mag ontwapen deur nie van mag gebruik te maak nie!

# Gemeente in Rome en ons

Presies waar hulle en ons is – uitgelewer, magteloos

Moenie met mag werk nie – lê mag af!



# Hierdie word dan die kern beginsel vir dissipelskap:

- Om nie binne kate- gorie van mag te leef;
- Om nie van mag ge- bruik te maak nie;
- Om binne die kate-
- gorie van liefde te leef



# Gemeente in Rome en ons

## In die wêreld...

- sal ons ons altyd vasloop teen mag;
- Is ons uitgelewer aan mag;
- beleef ons onreg a.g.v. mag




# Gemeente in Rome en ons

- Liefde oorwin die kwaad met die goeie;
- Liefde dra die kruis van die een wat deur mag gebreek is;
- Liefde reageer nie as boelies wil breek nie;
- Stemtoon, luister ens.



# <u>Hoe kom ek daar?</u>

- Ek kan nie – dis buite natuurlike geneigdheid
- "Surrender" – elke dag volmaak
- Toelaat dat my individualisme transf.



# Die manier waarop Barrabas betrek word is belangrik

Jesus het sy straf op Hom geneem

Simbool vir ons almal – ons is bevry van alle mag(te) tot liefde



# Sonder om ‘n oog te knip



# Liefde dryf God se plan t.m.v. onreg



# Gebed

[redacted]

# Lied 332: 1

God se liefde, so oneindig,

sien die nood van sondaars raak,

en God stuur vir hul die Christus

wat van sondaars kinders maak.

## L 332:2

**Jesus wys ons hoe sy liefde**

**liefdeloosheid kan oordek**

**en in harde menseharte**

**deernis en geloof kan wek.**

# L 332:3

**Heer, ons leef steeds soveel kere**

**of u liefde ons nie raak**

**en vergeet van al u goedheid**

**wat van ons u kinders maak.**

# L 332:4

Tot U, Here, klink ons lofsang -

oor u liefde wil ons sing

en ons wil u liefdesboodskap

oor die aarde uit laat kring.

# Seën

[redacted]